

ES ARGIEF

Verw. PV 11

**INVENTARIS VAN DIE KOMMISARIS-GENERAAL
J.H.T. MILLS -VERSAMELING**

Opgestel: P. Luus

April 2017

Pretoria

Voorwoord:

J.H.T. Mills is op 18 Augustus 1920 in Dullstroom gebore. Hy is sedert 1937 verbonde aan die voormalige Departement Naturellesake, later Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling. In 1951 het hy gewerk as waarnemende sekretaris vir H.F. Verwoerd, wat toe as die minister van Naturellesake opgetree het. In 1954 is hy aangestel as Naturelle--Kommissaris in die Witzieshoek-area. In 1956 is Mills verskuif van Witzieshoek na Evaton. Na sy aanstelling het die onluste in die gebied bedaar en hy het die naam "Mlamleli" of "Vredemaker" ontvang. In 1959 is Mills aangestel as departement inspekteur. Hy ontvang BA- en LLB grade.

In die 1960's is hy as Sekretaris van die Beplanningskomitee aangestel. Na die aankondiging van Dr. H.F. Verwoerd dat selfregering aan die Xhosa's van Transkei in 1961 toegeken is, word Mills as Regsadviseur vir die Transkeise Reseskomitee aangewys. Hy was grootliks verantwoordelik vir die opstel van die Transkeise Grondwet in 1963, en is in dieselfde jaar in beheer van die Transkeise administrasie geplaas. Hy het ook as die sekretaris van die Departement van die Eerste Minister en Finansies van die eerste selfregerende Bantustan in Suid-Afrika opgetree.

Mills het in 1972 die Transkei verlaat en die toekenning "Friend of the Transkei" ontvang. Toe die Transkei in 1976 onafhanklik verklaar is, het hy 'n goue medalje vir sy diens aan die Transkei en sy mense ontvang. In 1973 is Mills as sekretaris van Kleurlingsake aangewys. Hy is ook bevorder tot die eerste Direkteur Generaal van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling. In 1981 het hy van hierdie pos afgetree en dieselfde jaar as die Kommissaris-generaal vir die KwaNdebele-volk gedien.

Inhoudsopgawe

B1

1. Vergaderings	1
2. Korrespondensie	1
3. Grondwetlike stukke	1
4. Verslae	1
5. Memos / Inligtingstukke	1
6. Toesprake	1
7. Uitnodigings / Programme	2
8. Notas	2
9. Publikasies	2